# Lesing 103 – 2 Julie 2022- Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 127 ontvang deur Daniel Grobbelaar op 21/11/19, 09H00

Die Hoof-Boodskapper MikaEL, het in die gewaad van 'n Vlammende Swaard na my, Daniel, gekom en het toe met my gespreek. Sy mond was soos die Hitte van 'n Verterende Vuur en my siel en wese het die Hitte van sy Vlamme aangevoel en opgeneem in die diepste dieptes van my hart. JAHSHUA het my in SY Hande gehou en bewaar en afgeseël met die GEES van SY Vleuels en HY sê toe vir my: "MY kneg, luister na die Gees van Vuur en rig jou hart op die woorde van lof tot MY. **Want lofprysing en danksegging bring genesing vir die siel en hart.** Hom het EK aangestel om die Poort te bewaak van die Paradys en die Weg van Eden te inspekteer en te weeg."

MikaEL spreek toe tot my en JAHSHUA begin toe so in Vrolikheid te glimlag en ek sien toe 'n Magtige Swaard uit SY Mond kom en HY hef toe SY Hande uit na bowe. JAHSHUA het die mooiste glansende kleed aan wat met Wit-Gees-Substans berei is. HY word omsingel deur biljoene goue vlinders en skoenlappers en die voëltjies sing en loof SY Naam van Apartheid.

**MikaEL spreek toe tot my en sê:**

"Kneg van MY MEESTER en dienaar van die HOOGSTE EL van alle Lewe, luister na die lof-woorde vanuit MY Vlammende Hart wat HY vir MY geskenk het vanuit SY Grootste LIEFDE.

Suiwer is die werke van JaHWeH van die ganse heelal en geseënd is die Majesteit van LIEFDE! Juig en jubel in die teenwoordigheid van SY Hitte en hulle wat HOM nie aangeneem het nie, sal beef in die Dag van SY Grimmigheid. Die ongeregtigheid sal verwyder word en die besoedeling sal in die ewige Afgrond weggewerp word. Alle eer en lof aan HOM wat alles deur WYSHEID gegrondves het en wat heers oor alle Horisonne der Horisonne.

Deur die Magtige Hand van JaHWeH het HY alle Skeppings voortgebring en deur die hoogmoedige hart van SY teenpool het hiérdie Skepping vanaf Gees-harmonie verhard tot harde materie wat van die val van die sonde getuig. Hulle wat die Weë van JaHWeH verlaat sal tesame met hulle hartstogtelikhede vergaan en sal nie vir die Ark gereken word nie. Soveel Bloed is gestort ter Verlossing van die mensdom **en na die Skape van IsraEL het HY gekom om SY Koninkryk en Verborgenhede te verkondig.** Soveel verborgenhede het HY aan SY dissipels openbaar wat hulle in hul harte bewaar. **Aan die rasegte saad van Jakob sal hierdie Verborgenhede geopenbaar word en aan die Huis van Judah sal hulle in herinnering gebring word**.

Maar die Woord van JaHWeH waarsku: "Gooi nie die pêrels vir die varke nie sodat hulle nie omdraai en julle verslind nie!" Handel in die Wysheid van die Hoogste EL! Verraad is 'n oersonde wat lei na die dood en die doderyk is hulle bestemming omdat hulle nie die Raad en Wysheid van JaHWeH verwelkom in die verstand van hulle harte nie.

Kneg, die MEESTER jou Verlosser en die **Migdol Toring** van jou hart sal jou geheue open deur die **Poort van Eden** en HY sal die Werke van SY Glansrykheid aan jou wese in herinnering bring. Volgens die seisoene en die Raad van die GEES **moet jy dit aan die opregtes van Gilgal openbaar** en die Naam bo alle name sal verhef word tot in Ewighede. Want hulle wat HOM bo alles soek sal die Beloning erf wat HY voorberei het in SY Groot Barmhartigheid. Kyk, EliJaH is in die Warrelwind, **die Storm vanuit die Suide** en EliShua se oë is gerig op die Jordaan. **Julle voorouers** kyk met smagtende harte na die werke van hulle saad, dat hulle sal terugkeer na die Weë van JaHWeH. Die harte van die vaders wat wil verenig met die harte van die kinders en anders om, terugkerend, tegemoet. Leer uit die foute en oortredinge van die verlede en word wys, dan sal julle nie struikel in die dag van benoudheid nie.

Kyk, in die Sewende Dag vertoef die ganse Aarde en die menigte mensdom. Die Skepping verwag die Glansrykheid van HOM wat kom om SY Raadsplan uit te voer, want HY wat opgestaan het, sal hulle wat aan HOM behoort ook laat opstaan en HY het! HY sal aan hulle die mag gee om boeie van yster te breek en die bande van koper tot stof te beveel. Hulle sal die mag gegee word om die yster grendels van ongeregtigheid te verpletter en die **Orde van Pineas te handhaaf onder die Vaandel van Vrede**.

HY IS die VOLMAAKTE VREDE, JAHSHUA! Die vrede van julle wêreld is geen vrede nie, maar 'n misleidende weg wat lei na die slagyster van ondergang. Bedrieglikhede sal die einde sien en die raad van dwases sal lei tot niks. Maar hulle wat die Poort van die LEWE begeer sal deur HOM gaan en die Waters sal geskei word van bowe en van benede en die Aarde sal sigbaar word om **die Groot Trek en die Exodus** te laat volbring.

Die wat met onopregte harte haas om die **Rivier van Vrolikheid** te bereik om daardeur te trek, omdat hulle geoordeel is deur die Gees van Waarheid, sal deur die Waters oorweldig word. Want hulle nader net tot die Hoogste EL in die Dag van die Exodus omdat hulle die gevolge van hulle handelinge vrees en nie die Vrees van JaHWeH in hulle harte koester nie.

Die wat die dwaling soek sal die **gees van dwaling** ontvang, dit is die krag van die vrye wil. Die wat die Guns en Verlossing van HOM soek wat LEEF en HEERS, sal die Guns van JaHWeH ontvang en sal saam met HOM regeer en heers **onder die Naam van IsraEL! EL met ons!**

Maak gereed o knegte van JaHWeH en maak gelyk die Weg van HY wat kom om die nasies te oordeel en SY Kudde te versamel, want HY is die Volmaakte Suiwerheid in en deur SY Almagtige Wese. En ook

Haar, die Wysheid van ELOHIM en ook Haar, die Waarheid van Vrede in HOM, mag julle nie verwerp nie. Want Sy is in HOM en HY in Haar. Die wat wysheid en insig het, verstaan en die wat verstandig is, ondersoek. Die Vuur van SY LIEFDE kan verteer, maar ook kan die Vuur 'n Hittige Beskutting wees vir hulle wat SY LIEFDE begeer.

Die Rots is die Berg waarop julle moet bou, **die Huis van SY Gelofte.** Suiwer is die Werke en Verordeninge van die Hoogste EL en **in die Naam van Melgisedek** sal die Orde gehandhaaf word en die hulp sal verleen word **vanuit die Suide**.

Wag op die Stem van JaHWeH en vertrou nie op die woorde deur menselippe nie, want die tong is bedrieglik onder die nasies en die lippe van 'n verraaier spreek duisternis vanuit sy duistere hart. Neig julle ore tot die Woorde van MAJESTEIT en rig julle oë op na die Berge, want Berge versit HY in die Krag en Mag van SY Regterhand. **Die SPRUIT in Sion** sal oorvloedige Waters voortbring en julle dors sal geles word, maar ook nie geles word nie, want SY Waters van Lewe laat die riviere, bronne, damme en fonteine van SY kinderharte smag na nog meer! Hoe soet is die Waters van LEWE nie! SY Stem is soos die van baie Waters, wat Lewend vloei in die sagtheid van SY Barmhartigheid en Genade om Nuwe Lewe voort te bring, maar die Waters kan ook klowe vorm en deur gesteentes en rotse sny soos 'n Tweesnydende Swaard. Waters, so Nederig tog so Kragtig, so lewend tog so Streng in die Dag van die Donderweer!

**Die Winde versamel in die Kraal van Gilgal en die Winde is teen die Mure van Jerigo gerig.** Die natuurgeeste tesame oefen ook hulle wraak uit oor die dwaasheid van die mensdom en die oortredinge van die tweegesigte. Neem SY Wet in ag en bepeins dit met berou! Want die Sonde van Babilon reik tot aan die Hemele en stink voor SY Aangerig. Daar bestaan SUIWERHEID, maar min is daarvan oor in die harte van die mensdom.

Ek, MikaEL, die bewaker van Eden, bring in herinnering SY Woorde. Seun teen sy vader, dogter teen haar moeder, broer teen suster en suster teen broer. So sal HY SY opregtes van hart versamel en SY Groot Huisgesin oprig.

Maar wee die wat nie die Liefdesgebod van onse Hoogste EL gehoorsaam in Liefde nie, want hulle sal agterbly met 'n aangesig van smart. En hulle wat met vroomheid wandel onder 'n valse godsdienstigheid deur om voor te gee dat hulle deur HOM gestuur is, sal met 'n gekners van tande die gevolge van hulle dwaasheid besef. Ons MEESTER het tallose kere gewaarsku teen die valse gesalfdes, valse profete en valse dienaars wat julle met valse profesieë probeer lok **na hulle hoerhuise van Babilon**.

Ek, MikaEL en sovele andere Boodskappers en Knegte van die Allerhoogste sien die oorloë, Gees teen gees! Dit manifesteer dan ook in die materiële realm van julle bestaan. Die kennis van wapens en die kennis van spioenasie wat ingefluister was in die nageslag van Esau vanuit die draakmond van SY teenpool. En Boervolk van JaHWeH, wees gewaarsku, want hulle loop tussen julle rond en julle omhels hulle as broers! Julle val voor hulle voete, maar julle sien nie die geveinsdheid van hulle bose agendas en vuil gedagtes nie. SY Kudde ken SY Stem, luister dus daarna, Volk van die Boer!"

Net na hierdie Woorde van MikaEL, laat sak Hy Sy Swaard, wat eintlik Sy hele wese is (moeilik om te verduidelik) en JAHSHUA wys vir my in my hart dat ek moet let op wat nou gaan gebeur. JAHSHUA wys toe ook vir my hoe HY en MikaEL 'n ooreenkoms aangegaan het oor die werke wat MikaEL moet verrig en dat dit MikaEL se grootste saligheid is. MikaEL laat sak toe die Swaard van Hemelse Vlamme en Hy raak met die Punt van die Swaard op die Wolke waarop ons staan. En onmiddellik verander die Wit Wolke na Wolke met 'n glinsterende kleur van goud.

Ek sien toe hoe die Wolke in beroering kom en aan die beweeg raak onder die Bevel van JAHSHUA en 'n **Groot Sirkel van Lig**, maar dit was soos 'n Lens waardeur mens alles kon sien, begin toe te open waardeur ek kon sien en ek sien toe 'n wêreld, 'n hele wêreld van bo af. Maar dit is nie soos ons wêreld hier nie. Alles beweeg in harmonie en volgens die Gees van Liefde.

Ek kyk toe reguit af en sien 'n bymekaarkompunt van **vier riviere wat uit verskillende rigtings kom**. JAHSHUA plaas toe SY Hand op my skouer en met SY ander Hand wys HY na bo waar ek moet kyk. Ek sien toe dieselfde Goue magtige groot Boomwortels wat hierdie Wolke genereer tesame met die uitstraling van Lig. Ek sien toe hoe hierdie Boomwortels ook 'n goue olie begin afskei het en die Wolke het dit opgeneem en elke lewende wese op hierdie wêreld gesalf het.

Die vier riviere het elkeen 'n oortreffende kleur skynsel in hulle Waters gehad. Een wat 'n kleurskynsel van **rooi**, ander 'n kleur van **wit**, ander 'n kleur van **blou** en die ander rivier 'n kleur van **groen** en Lewe en Wysheid gehad .

Daar was baie mense of wesens in bootjies en kindertjies in mandjies wat op die riviere vertoef het, maar hulle het gewag vir iets om te gebeur. Hulle het so 'n groot verwagting in hulle oë gehad, maar hulle oë was heeltyd gerig op JAHSHUA wat die Ewige Son en Warmte vir hulle is.

*(Einde van ervaring)*